

PERSVERKLARING

Bevindinge en aanbevelings van die tydvrystellingstudie wat by die Oshoek hawe van binnekoms tussen Suid-Afrika en Eswatini uitgevoer is

Oshoek is die landsgrenspas tussen Suid-Afrika en Eswatini. Dit is strategies geposisioneer langs die N17-snelweg wat paaie verbind wat na die Durbanse hawe en Mosambiek lei en is daarom 'n baie belangrike roete vir Eswatini.

Tshwane, Maandag 20 Mei 2024 - Die Doeane-afdeling van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) en die Eswatini Inkomstediens (ERS) het vandag die bevindinge van 'n tydvrystellingstudie (TRS) bekendgestel oor die vloei van handel tussen eSwatini en Suid-Afrika by die Oshoek/Ngwenya grenspas wat die twee lande deel.

Die TRS is 'n noemenswaardige stap om die egalige vloei van handeldryf deur die Suider Afrikaanse Doeane Unie (SADU) se grense te fasiliteer.

Die studie is van 14 tot 17 November 2023 uitgevoer deur die insameling van noodsaaklike data, beide fisiese en stelsel-verwante data, by die gedeelde grenspas. Die studie was 'n gesamentlike inspanning deur SARS, ERS en die Wêreld Doeane Organisasie (WCO), in vennootskap met UK Aid, die Suid-Afrikaanse Grensbeheerowerheid (BMA), die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) en verteenwoordigers uit ons oorgrense handelsgemeenskap.

Die TRS spruit uit die Wêreldhandelsorganisasie (WTO) se handelsfasiliteringsooreenkoms (TFA) wat op 22 Februarie 2017 in werking getree het. Die TFA is daarop gemik om die beweging, vrystelling en klaring van oorgrense goedere, maatreëls vir doeltreffende samewerking tussen doeane-owerhede en -belanghebbendes, asook voorsienings vir tegniese ondersteuning en kapasiteituitbreiding, te bespoedig.

Die ooreenkoms sluit die bepaling en publisering van gemiddelde vrystellingstye (artikel 6) in deur die gebruik van hulpmiddels soos, onder andere, WCO se tydvrystellingstudiekonsep, en moedig lede aan om die gemiddelde vrystellingstye van goedere periodies en op konsekwente wyse te meet.

Die WCO se tydvrystellingstudie is 'n strategiese en internasionaal-erkende hulpmiddel om die werklike tyd te meet wat nodig is vir die vrystelling en/of klaring van goedere vanaf die tyd van aankoms tot die fisiese vrystelling van vrag. Die studie is daarop gemik om bottelnekke in die handelsvloei te vind en maatstawe te identifiseer om die doeltreffendheid van grensprosedures te verbeter.

SARS Kommissaris Edward Kieswetter het die TRS as kardinale inisiatief onderstreep om bottelnekke in die leweringketting te identifiseer, handelsfasiliteringuitslae te kwantifiseer, en voorspelbaarheid in handelsverwante prosedures te verseker.

"Namate ons die reis jeens doeane-modernisering onderneem, is ek oortuig dat die insigte wat met hierdie TRS versamel is, ons toekomstige strategië en inisiatiewe sal vorm. Saam sal ons volhard in die strewe jeens uitmuttendheid in doeane-administrasie, handelsfasilitering en bydrae tot die volhoubare ontwikkeling van Suidelike Afrika", het hy gesê.

Die belangrikheid van die Afrika Kontinentale Vryhandelsgebied (AfCFTA) ooreenkoms kan nie oorbeklemtoon word nie, aangesien dit mik om verligting te bring aan 30 miljoen Afrikane wat erge armoede ervaar, en die inkomste van nagenoeg 68 miljoen ander 'n hupstoot te gee wat op minder as \$5.50 per dag lewe.

Dit is noemenswaardig dat \$292 miljard van die geskatte \$450 miljard in potensiële inkomste-winste uit die AfCFTA uit sterker handelsfasiliteringmaatreëls sal spruit - met ander woorde, uit maatreëls om rompslomp te verminder en oorgrense prosedures te vereenvoudig om dit makliker te maak vir Afrika-besighede om met wêreldwye leweringskettings te integreer.

Die SARS Kommissaris het gesê dat totale handeldryf tussen RSA en Eswatini met R7.44 miljard (15.7%) in 2023 toegeneem het te danke aan 'n toename van R4.22 miljard (16.6%) in uitvoere en 'n toename van R3.22 miljard (14.6%) in invoere. Suid-Afrika het 'n handelsbalanssurplus met Eswatini oor die afgelope vyf jaar gehandhaaf.

Mnr. Kieswetter het die waardevolle samewerking van die ERS onder leierskap van die kommissaris-generaal, mnr. Brightwell Nkambule, en die kommissaris van Doeane en Aksyns, mev. Gugu Mahlinza, bedank. Die studie is uitgevoer met die ondersteuning van die Britse regering.

Sleutelbevindinge en -aanbevelings:

1. Die nasionale gemiddelde tyd tussen vragaankoms en -vertrek by doeanebeheer is 34 minute vir invoere en 'n uur en 24 minute vir uitvoere.
2. Die gemiddelde tyd vir indiening van 'n doeaneverklaring tot vragvrystellingsboodskap (CusRes) op manifes is 42 minute.
3. Aanbevelings sluit in verdere ontleding van prosesse by die hawe van binnekoms, afdwing van 'n lineêre proses vir trokdrywers, en oorweging van die moontlikheid om die grens na 'n eenstopgrenspos (OSBP) om te skakel.
4. Waarneming van nie-lineêre prosesse in doeane-sale wat tot vertraging lei.
5. Identifisering van persoonlike aktiwiteite deur trokdrywers tydens grensoorstekings wat klarings- en vrystellingstyd beïnvloed.
6. Trokke wat sonder voorafklaring arriveer en stremming op die vloei van voorafgeklaarde trokke veroorsaak.
7. Tydnaloope tussen voltooiing van vraginspeksie en verslagindiening op die *Service Manager*-stelsel wat wagtye veroorsaak.

8. Erkenning van grensbedrywighede wat na 'n OSBP aard en deur die WCO geëndosseer word, wat verdere verkenning vereis.

Aanbevelings vir inwerkingstelling:

1. Oorweging van korttermyn-uitvoerbaarheid vir die omskakeling van die grens na 'n eenstopgrenspos (OSBP).
2. Skakeling met alle grensagentskappe en die privaat sektor in besprekings en werkswinkels.
3. Toonaangewende toer na die Rusumo-OSBP vir eerstehandse waarneming van beste praktyke.
4. Strewende na WCO-versnelde handelsfasiliteringprogramondersteuning om werkswinkels te behartig, standaard-bedryfsprosesse (SOPs) op te trek, en kapasiteit binne tegniese werksgroepe te skep.
5. Erkenning van die uitdagings wat tydens die TRS in die gesig gestaar is en 'n beroep op die bestuur om aanbevelings te oorweeg en in werking te stel.

Hier is 'n skakel na die TRS-verslag - <https://www.sars.gov.za/time-release-study-oshoek-border-post/>

Vir meer inligting, kontak me. Ntobeko Dlamini by ntodlamini@ers.org.sz of mnr. Anton Fisher by afisher2@sars.gov.za.